

ABSTRACT

Dancing partners: dogmatics/ethics and homiletics

In this article the relation between dogmatics/ethics and homiletics is investigated. In this relation Scripture serves as norm. Special attention, apart from the Biblical and theological tradition, is devoted to literature as a rich source of homiletics. The contribution of J A Heyns in this regard is also evaluated.

1 DANSMAATS

Die begrip dansmaat is soos 'n lading plofstof wat wêreld wil verskuif en nuwe insigte wil oopruk. In dié gelade term sit die gedagte van aksie en relasie, vryheid en verantwoordelikheid, beweging en selfstandigheid, fees en styl, bewaring en vernuwing. Dit is hierdie momente wat in die verhouding tussen dogmatiek/etiek en homiletiek geluk bring.

2 SPANNING TUSSEN DOGMATIEK EN HOMILETIEK

Dit is 'n geleentheid uit 'n duisend wanneer dogmatiek en homiletiek dansmaats word. Die rede hiervoor is dat daar in die verhouding tussen dogmatiek en homiletiek ook maar op mekaar se tone getrap is. Daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die teologie van die Woord, met 'n eensydige opvatting van die verkondiging, vir 'n lang tyd die eie ontwikkeling van die praktiese teologie (en met name die homiletiek) gerem het¹. Karl Barth² is 'n voorbeeld van iemand wat niks van die praktiese teologie verwag het nie. By Barth het die besef sterk geleef dat daar slegs gepreek kan word vanuit die insig dat dit eintlik nie kan nie, omdat elke menslike handeling afbreuk doen aan die oormag van die Woord³. Vir Barth het dit in die preek om die "wat" gegaan.

Die preek as derde gestalte van die Woord is volgens Barth, niks anders as die uitleg van die Heilige Skrif nie. Die prediker het nie die taak om "etwas te sê" nie, maar al wat die prediker te doen staan, is om die teks "nachzusagen"⁴. Hierdie eensydige Barthiaanse klem op die "wat" van die preek hou nie voldoende met die "hoe" en die "wie" rekening nie. In die kommunikasie van die evangelie deur die preek is die "wat", die "hoe", en die "wie" onmisbare skakels.

In die preek kan niks weggesteek word nie. Al die homileet se swakhede en sterkpunte kom in die preek aan die lig. Sy hermeneutiese en eksegetiese kundigheid, sy vermoë om 'n Bybelteks aan die teks van die lewe te verbind, sy dogmatiese onderbou, sy vaardigheid met taalakkorde, sy kommunikatiewe krag en retoriese sterkte, sy meelewing en verstaan van die mens in sy leefwêreld, dit alles kom in die preek na vore. Hierdie onthullende aard van die preek stel hoë eise aan die prediker.

Daar is verskillende wyses waarop daar oor die preek nagedink kan word. In die homiletiek is die normatief-deduktiewe en die pragmatiese benadering bekend⁵. Die normatief-deduktiewe benadering se vertrekpunt is dat daar uit die teks preskriptiewe reëls vir die praxis van die preek afgelei kan word⁶. Die benadering wat van die teks na die preek beweeg, skryf aan die praxis voor; dit maak afleidinge uit die teks vir die praxis. In dié benadering is die teks 'n vaste fondament waarop die waarheid van uitsprake begrond word⁷. Hierdie liniêre benadering verhef die teks tot die enigste faktor in die preekmaakproses⁸. In dié soort benadering is die outoritatiewe aanslag oorheersend. Volgens dié uitlegmodel vind die vrylating van die eintlike of ware betekenis van Bybelse tekste deur die preek plaas⁹. In so 'n outoritatiewe raam kom die Woord van God "senkrecht von oben" na ons toe. Hierdie "Draussen" of "Oben" is die oord en die waarborg van die preekgebeure¹⁰. Die pragmatiese benadering gaan nie van die teorie uit nie, maar van konkrete (eie) praxiservaringe waaraan deskriptief voorbeelde en verwysings vir die preek ontleen word¹¹. Die ervaringsriglyne uit die praxis beskryf die gang van die praxis sonder dat dit in 'n homiletiese teorie beoordeel is¹².

Saam met Gert Otto¹³ en Henning Luther¹⁴ word daar vir 'n sirkulêre model of kommunikatiewe model gekies. Hiervolgens ontstaan die preek nie deur die monologiese afleiding uit 'n teksoorsprong nie, maar in die interaksie en wisselwerking tussen prediker, hoorder en tema/teks. Die sirkulêre benadering doen ook reg aan die sprekende God, die prediker en die hoorder as S(s)ubjekte in die preekhandeling. In die preek tree die prediker in 'n lewendige gesprek met Jesaja en Johannes, met die mens in sy leefwêreld, met mense wat Sondae nog kerk toe kom. 'n Preek is 'n dialoog tussen S(s)ubjekte. Heyns het met reg daarop gewys dat dit in die eksegeese om 'n subjek-subjek verhouding gaan. Die gesagvolle Woord van God word die sprekende subjek en die mens word die antwoordende subjek¹⁵. Dié opmerking kan net so op die preek van toepassing gemaak word. In die preek gee die prediker nie monologiese antwoorde nie, maar in dialoog met alle deelne-

mers word die antwoorde geweeg en heroorweeg. Die preek mag nie outoritêr en eensydig wees nie, maar moet antwoorde help vind¹⁶. Die prediker en die hoorder is nie alleen met die teks besig nie, maar die teksomgang vind in dialoog met die veelstemmige Christelike tradisie en die konkrete raam van die teenwoordige situasie plaas¹⁷. Dit is langs dié weg dat God in die preek deur die prediker vir hoorders in hulle leefwêreld aan die woord kom¹⁸.

5 DIE PREEK AS HANDELING

Die preek as rede is 'n handeling¹⁹, maar dan 'n bepaalde soort handeling. Dit is 'n religieuse handeling²⁰. In die rede gaan dit om 'n religieuse inhoud, maar veral ook daarom dat die preek 'n aanspraak op die hoorder maak²¹. Die aanspraak is gegrond op die aanname dat God in die erediens teenwoordig is²². In die doop verbind God Hom aan die gedoopte, in die nagmaal verenig Hy Hom met ons, in ons gebede luister Hy na ons, in ons lofliedere verbly Hy Hom oor die hulde wat ons aan Hom bring. In die preek is God met sy heil by ons. Die preekteks verwys na die reddende God wat in die preek handel en die hoorder deur die preek kan verander en nuwe lewensmoontlikhede vir hom in die hede open. God handel in die preek en kan die hoorder deur die preek verander omdat Hy deur die preek teenwoordig is.

Die opvatting dat God in die preek aan die woord kom²³, vind sy steun in die bekende uitspraak van Heinrich Bullinger: *Praedicatio verbi Dei est verbum Dei*²⁴. Dié uitspraak van Bullinger is vir verskillende interpretasies vatbaar. Daar moet daarteen gewaak word om die gepredikte woord as 'n objektiewe verklaring van die Skrifwoord voor te stel. 'n Insig in die hermeneutiese proses het die oë geopen vir die subjektiewe faktor in die eksegetiese gebeurte²⁵. Die vertolker is nou eenmaal nie los te maak van sy eie (voor)oordeel en geloofstradisie nie. Die gevolg is dat verskillende interpretasies en tekslesings moontlik is. Dit spreek vanself dat die subjektiewe proses ook in die preekhandeling meespeel. Na my mening kan Bullinger se uitspraak deur 'n pneumatologiese gesigspunt verhelder word. Die Heilige Gees skakel die menslike faktor nie uit nie, maar neem die mens volledig in diens. Homileties beteken dit dan dat die prediker in sy werk op die verligting van die Heilige Gees mag bly reken. Verder mag hy daaraan vashou dat die Gees God se boodskap deur die preek kommunikeer en die mens op dié wyse tot aanvaarding van die heil oorreed. Die uitspraak van Bullinger herinner die prediker blywend daaraan dat hy sy uitleg deur die teks moet laat kontroleer.

In die homiletiek is daar 'n sterk tradisie wat die preek deur middel van uitdrukkinge soos "die proklamasie van die evangelie" tot die proklamatoriese handeling afgrens²⁶. Die beswaar teen die kerugmatiese preekverstaan is veral daarin geleë dat dit 'n outoritatiewe en eensydige preekopvatting verteenwoordig²⁷.

Daar is wel in 'n preekteorie grond vir 'n proklamatoriese of 'n kerugmatiese opvatting. In koninkryksperspektief gesê moet die evangelie van die koninkryk verkondig word. Die preek verkondig dat God in Jesus Christus mens geword het en deur sy Gees in mense kom woon het, sodat mense burgers van sy koninkryk mag word²⁸. Miskien sê Heyns dalk tog hier 'n bietjie te min. In die preek moet die handelinge en verhouding van God met die mens en die wêreld sedert die skepping deur die sondeval heen ook verkondig word. Die boodskap van God se koningskap sluit alle gode uit. Daar is in ons "modern times" soveel nuwe gode. Ons wêreld is

*Vervuil deur al die dom ou gode
wat septers tot in harte swaai²⁹,
Die gode sal graag wil doodgaan*

*maar die aarde het aan die gode
behoefte en láát hulle nie met rus
nie en nie sterf nie -³⁰*

In die preek moet God se alleen koningskap geproklameer word en moet die gode se sterwe gevier word. Want voor sy aangesig mag daar geen ander gode wees nie.

Kerugma kan naas *leitourgia*, *koinonia* en *diakonia* as die grondfunksies van die gemeente gesien word³¹. *Kerugma* kan as 'n sambreelbegrip dien waaronder prediking, evangelisasie en kategetiese ingedeel kan word³². Wanneer die preek as *kerugma* beskryf word, spreek dit vanself dat 'n ander weg as Barth begaan moet word. Tog kan daar by sy kwalifikasie van die preek as diens aan die Woord van God aangesluit word³³. Die preek kan nie van die Woord losgemaak word nie; dit staan in diens van die Woord. Diens aan die Woord beteken dat die preek God se evangelie wat deur Jesus Christus gerealiseer is en deur die Heilige Gees geëffektueer is, kommunikeer. Die verkondiging handel oor die reddende krag van die evangelie (Rom 1:16). Die waarheid wat in die preek verkondig word, maak mense vry (Joh 3:23). Die waarheid laat hoop vlamvat in 'n wêreld waar wanhoop en ashoop rook. Die daad van bevryding vind plaas deurdat die hoorder aan die heilse gebeure herinner word³⁴ en die heil in die lewensruimte en -noute van hoorders binnegeleë word. Die beroep van die prediker op die hoorder om die heil te aanvaar en daaruit te leef, is nie 'n outoritêre daad nie. Die appèl vind nie buite die hoorder om plaas nie. Die hoorder word ook nie deur die heil oorrampel nie. Daar word deur die preek 'n beslissingsituasie geskep waarin die hoorder deur die aankondiging tot 'n eksistensiële beslissing opgeroep word³⁵.

In die homiletiek gaan dit om die Woord in die werklikheid. Dit gaan om 'n wisselwerking met die werklikheid. Daarom moet daar in die homiletiek ook rekenskap gegee word van die bron van die preek. Wanneer Dingemans³⁶ die wese van die preek bespreek, lê hy met reg klem op die Bybel as bron van die Christelike tradisie en die preek. Die preek put uit die Bybel, maar ook uit die Christelike tradisie en die teks van die lewe. Die Christelike tradisie is 'n ryk mynveld. Hier kan diep gedelf word om fyngoud te ontgin. Dit is onvermydelik dat 'n preek die vrug van die tradisie waarin hy wortel sal dra. Dit is nie net die eie tradisie wat die bron van die preek vorm nie, maar ook ander tradisies. Tradisies is soos systrome wat in 'n rivier invloei.

Naas die verskillende tradisies vorm die teks van die lewe ook 'n bron vir die preek. Die lewe is 'n onuitputlike bron vir die preek

*omdat die aarde en elke aardgebeurtenis
en die son self, en tot die verste ster,
tesame net een groot vertelsel is*

*oor Hom en ons, en deur Hom self vertel -
vol beeld, prefigurasie, voorbereiding
op een voleindigende slot -
en, dat in elke eeu die-laaste ding*

verwysing na Hom was, deel van sy Naam...³⁷

Skrywers en digters help ons meestal om onself, ander mense en ons tyd beter te verstaan. Meer nog, predikers weet watter temas hoorders aanspreek en waarmee hulle worstel. Dit bied ook aan die prediker die geleentheid om die boodskap van die Bybel vir ons tyd te kommunikeer. Die letterkunde, en in besonder die verhaal (as kortverhaal of in romanvorm), kan vir die prediker 'n belangrike bron van kennis word oor die wêreld waarin hy werk, oor die hoorders vir wie hy in hulle nood ontmoet wanneer hy sy boodskap oordra. Die verhaal, as letterkundige kunsvorm, sal (feitlik altyd) die leser iets laat ervaar van die spanning tussen die universele en die individuele, die tydlose en die tydsgebundene. Die letterkunde is 'n onuitputlike bron om te help om die preek vir die hoorders te konkretiseer en aan hulle te laat kommunikeer.

Heyns het 'n belangwekkende bydrae tot die Christelike kunsbeskouing gelewer. In 'n referaat in 1980 onder die titel "Die skrywer en die kerk" het hy die delikate verhouding tussen die kerk en skrywers onder die loep geneem (Die

referaat is in 1985 in die bundel "Skrywer en gemeenskap"³⁸ gepubliseer). Heyns het sy Christelike kunsbeskouing in sy *Teologiese Etiek*³⁹ (1986:351-372) verder verfyn. Net soos die koninkryk van God die grondplan van Heyns se ganse teologie is, is dit ook vir sy kunsbeskouing die geval. Kuns as 'n bepaalde gestalte van die kultuur het die koninkryk as sy bestemming⁴⁰. Hiermee bedoel Heyns dat God ook sy septer oor die kuns swaai. Omdat God Koning van die historiese en verbeeldingswerklikheid is, geld sy wil en Woord vir die werklikhede⁴¹. Heyns maak die skeppingsopdrag ook op die kunstenaar van toepassing. Hy moet die wêreld onderwerp, daaroor heers, dit bewerk en bewaak⁴². Na die breuk tussen God en mens, mens en mens, mens en wêreld lees ons van fluit- en lierspelers uit Kain se nageslag (Gen 4). Die oerbetekenis van die woord "liriek" lê in die musiekinstrument die lier, en hierin is die naelstringverhouding tussen poësie en musiek. Daar is in die wêreld met sy wanklanke plek vir die helder klanke van lier en liriek. Daar is plek vir kuns. Om hierdie opdrag om kunstenaar te word uit te voer, moet die kunstenaar 'n moontlike alternatiewe wêreld skep⁴³. Heyns werk die konsep van 'n "alternatiewe wêreld" in sy *Teologiese Etiek* verder uit. Die indruk dat sy gebruik van die term "alternatiewe wêreld" te kraal is vir die metaforiese plofstof wat die kunstenaar in sy hand dra, word in die werk uit die weg geruim. Die "alternatiewe wêreld" wat tot stand kom, groei direk uit een of ander beleving, waarneming of indruk uit die historiese wêreld⁴⁴. Hierdie wêreld bied nog steeds die rou materiaal vir die skeppingsdaad van die kunstenaar. Die kunstenaar moet in D J Opperman se woorde 'n engel uit die klip maak. Die kunstenaar se taak word meesterlik in Adam Tas se woorde aan W A van der Stel verwoord:

*Ek is geen spieël, ek haal vanuit die stryd
die binnebeeld... die waarheid uit die werklikheid!*⁴⁵

Die digter gaan die spoor van die werklikheid, die reële na deur middel van sy ervarings, verbeelding, beelding, klank, ritme, komposisie en kohesiepatrone. Soos die Renaissance-man, Donatello, van beeldhou sê: dat dit "... daardie kuns is waar jy, deur alles wat oortollig is te verwyder van die materiaal onder behandeling, dit reduceer tot die vorm wat in die kunstenaar se begrip (verbeelding?) ontwerp is"⁴⁶. Die skeppingsproses beteken om 'n graankorrel te neem, dit te kou, dit met die mond en met die oë in die mond te ontleed totdat jy 'n landskap kan weergee met bergspitse vol wind wat na benede stroom en die skaduwees van die bome uitmekaar laat spat tot in die koringland waar die strooihalms vol goud is en waar 'n massiewe rooigeskilderde dorsmasjien staan en ruk (staan en poëseer) en die kaf eenkant toe uitspuit, die warm korrels stroom anderkant uit, en jy neem één daarvan in jou hand of in jou mond: kyk, dis klein soos 'n gedig⁴⁷. Alle skeppingsimpulse kom uit hierdie wêreld. "Siening is skepping"⁴⁸. "Alle 'goeie

gedigte' bring informasie oor, selfs al is daardie informasie nog nie ge-abstraheer nie, nog nie nuus of feite nie. In dié sin getuig die gedig van 'n ervaring, is dit 'n ervaring, máák die leser dit 'n ervaring"⁴⁹. Die skeppingsproses kan verloop soos Heyns dit voorstel, naamlik dat nog voordat die kunsproduk te voorskyn kom, daar reeds 'n innerlike idee of beeld gekonsipieer is⁵⁰. As Heyns⁵¹ verder sê dat die idee of beeld aan die kunstenaar gegee word, klink dit al te veel na 'n soort meganiese inspirasie. Die skeppingsproses is té dinamies om dit op so 'n wyse te beskryf.

Deur die maak van 'n alternatiewe wêreld, bied die kunstenaar 'n blik op die wêreld. Die verskillende kodes, tekens in 'n gedig is "die loergaatjies soos die skubbe die loergaatjies van die vis is waardeur daar na die hele gedig gekyk word - "52. Net so kyk die leser deur die kunswerk se loergaatjies na die werklikheid. Die werklikheid is nie 'n bloedlose werklikheid nie, maar 'n gewonde werklikheid. In die werklikheid klink bloedkrete en geblikte geluide⁵³. Die werklikheid is 'n weerlose en naakte werklikheid. In Heyns se woorde is "die historiese werklikheid ook 'n sondige werklikheid..."⁵⁴. Die wêreld as fragment vind broksgewys neerslag in die kunswerk. Hierteen het Heyns nie beswaar nie, maar die kunstenaar mag die uitwasse wat hy teenkom en oopvlek, nie verheerlik en vergoeilik nie. As dit gebeur, word volgens Heyns die Bose in die gedaante van 'n engel ingedra⁵⁵. Indien 'n kunswerk in botsing met basiese etiese waardes kom, hou dit weliswaar nie op om kuns te wees nie, maar het dit nog nie tot groot kuns uitgestig nie⁵⁶. Die botsing waarvan Heyns praat, word bepaal deur die bril waarmee daar na 'n teks gekyk word. Indien 'n teks die kyker help om die afgronde raak te sien, wys dit 'n weg aan. 'n Teks maak ruimte vir verskillende sienings. Wat vanuit Christelik-etiese siening afkeuringswaardig is, mag vir ander lewens-beskouings deug.

Die kunstenaar bied nie net loergaatjies na die werklikheid nie, maar hy is ook besig met herskepping. Hy probeer 'n dun lagie van orde of rangskikking oor die wanordelike gooi⁵⁷. Die proses van die metamorfose van die werklikheid kan deur metafore tot stand kom. 'n Beeld is 'n metafoor, 'n lading plofstof. Dit veroorsaak 'n nuwe bedeling, 'n verskuiwing wat jou van balans ruk en 'n nuwe insig in jou as't ware oopruk. 'n Metafoor is 'n baie skeppende werkmiddel, 'n aktiewe skepding. 'n Simbool is nie so aktief nie, maar dit is iets wat jy geërf het. Dit is gedeelde goedere, erfbesit, kultuurbesit⁵⁸.

Die instrument waarmee die skrywer en digter sy werk doen, is die woord⁵⁹. In sy teologiese werke het Heyns die instrument uitnemend gebruik. Taal is die heilige modder (Sheila Cussons) waardeur die oë van die leser vir die gedig en die verhaal oopgaan. Die skrywer het net maar die "fyn, fyn net van die woord, waarmee hy (ons) blink en vet visse uit baie waters haal"⁶⁰. Op 'n meesterlike wyse het N P van Wyk Louw die beitel as metafoor van die woord ontgin. In die hand van die meester is die beitel 'n instrument wat die rots so skoon soos langs 'n voeg

breek sodat 'n nuwe wêreld waarin sterre flikker tot stand kom. Die skrywer het die beitel van die woord om die werklikheid vir mense te verbeeld. In dié proses moet hy ag gee op elke klein woordjie sodat dit soos molekules in 'n glas wat met die vinger gevryf word, saam vibreer totdat 'n klank so fyn en suiwer ontstaan dat geen materiële vorm dit kan indam nie. As man van die woord moet die skrywer en digter ook met die *peccata linguae* rekening hou. Die tong waarop woorde kan dans, kan ook deur skerwe van die werklikheid verwond word. Die woord is vry, maar dit het ook sy grense. In sy vryheid is dit gebind aan die Woord van God. Die kunsvorme van die woord moet vanuit Christelike perspektief deur die waardes van God se koninkryk gerig word⁶¹. Dit beteken dat God se Koningskap nie net in die geloofsgemeenskap gevier moet word nie, maar ook buite die vier mure van die kerk. Nie net in die tempel nie, maar ook in die vou van 'n vers.

Die teoloog loop die gevaar dat hy te maklik en te gou sy teologiese stempel op 'n kunswerk afdruk. Natuurlik mag hy oor 'n gedig of 'n boek praat. Maar hy moet eers sy woorde leer tel. Hy moet die teks eers volledig lees en iets daarvan verstaan. Hy moet byvoorbeeld eers die tekskodes en die teksstrategieë van 'n gedig begryp voordat hy 'n oordeel uitspreek.

Die letterkunde adem die tydgees. In ons tyd is die werklikheid van geweld en onrus angswekkend. Die tema van ons tyd word indrukwekkend visueel en na aan ons lyf deur P J Haasbroek in sy roman *Lem* gebring. In Berta Smit se roman, *Juffrou Sophia vlug vorentoe*, voer Juffrou Sophia 'n innerlike tweespraak as haar eie verweerder en aanklaer - aan die een kant verdedig sy haar oogmerk as skrywer op grond van haar humanitêre meelewing: "Mavis! Ek wil so graag 'n roman skryf, 'n storie... oor die haat, die vervreemding tussen mense, en hoe ons weer met mekaar versoen kan word". Sy ontmasker haarself meedoënloos eerlik, sy betig haarself omdat sy mense geen troos kan bied nie: sy dweep met 'n patriargale dogmatiek, 'n ideologie wat as vertrekpunt het dat dit onderdanigheid aan gesag - die gesag van die kerk en nasionalistiese volksideale - is wat mense bind, eerder as liefde. In die proses van self-parodie ondergaan Juffrou Sophia 'n hergeboorte wat haar bevry van die skynheilige moraliteit wat haar in haar jeug van liefde en egte medemenslikheid ontnem het. Sy wat haar lewe lank as onderwyseres gesag afgedwing het word skielik deur 'n koma ná 'n operasie van al haar gesagsimbole ontnem - "haar klere, haar bril, haar horlosie, haar tande". Ten diepste is sy pynlik bewus van die "verbrokkenheid van die dinge waaraan jy van kleintyd af wou vashou". Sy word vir haar liggaamlike sorg aan ander se genade oorgelaat.

Juffrou Sophia moet van voor af sin probeer vind in 'n samelewing verskeur deur geweld, 'n samelewing wat die "geestelike" waardes waarmee sy as Afrikaner grootgeword het, van alle betekenis ontnem het. Juffrou Sophia skryf 'n "roman van versoening". Die opneem van die pen "gee haar 'n gevoel van mag, of van bevryding". Deur die roman te skryf probeer sy haar angste en onsekerheid

besweer. Dit is 'n poging om 'n nuwe lewensbeskouing in die nuwe Suid-Afrika te formuleer, om te leer om te oorleef waar alles om haar volledig van haar vervreemd geraak het. Juffrou Sophia verklaar: "My roman moet 'n boodskap van hoop bring... 'n droom vir die toekoms - 'n nuwe vorentoe". Al is dit 'n vlug. Maar sy weet ook: "Geen definisie van hoop is moontlik sonder Hom nie". Sy probeer 'n vorm vind waarin die Christelike geloof 'n instrument van versoening met ander mense kan word, eerder as die ideologiese instrument van politieke "Fariseërs". Uiteindelik is dit nie deur die "verhewe" gees nie, maar deur die vlees wat sy altyd as "vuil" en "onbetaamlik" verwerp het dat Juffrou Sophia leer wat "liggaamlike godsdiens" beteken. Sy sit ingeperk in 'n beknopte ruimte van 'n woonstel op die derde verdieping. Hierdie ruimte word 'n metafoor van die gevangenskap, die ingeperktheid van haar bestaan. Hier leer sy dat medemenslikheid liggaamlik is. Mavis, haar huishulp, moet haar uittrek, na die lelike operasiemerk kyk, haar in haar naaktheid aanskou, was, aantrek, voed, om haar skoonmaak, haar veilig laat voel. Hier leer Juffrou Sophia deernis met mense rondom haar - en die karakters in haar boek - ontwikkel. Die mens na wie haar hart die eerste keer werklik uitgaan, is iemand wat sy nie eens ken nie, 'n dronk vrou wat verlore raak in die nag. Simpatie met die pyn van die enkeling en nie vereenselwiging met die ideale van die groep nie, is die geheim van naasteliefde wat Juffrou Sophia ontdek. Haar behepthed met die onsterflike gees word vervang deur 'n deernis vir die verganklike liggaam.

Die teks is op literêre vlak boeiend gekomponeer. Daar is Berta Smit se fyn stilistiese vermoë, haar beheersde hand in die beelding van intense momente, haar sin vir detail, en dan ook haar natuurlike vertelgang. Maar dit is veral die aktualiteit van die "roman van versoening" wat die leser inspireer. In die verhaal ervaar ons ons eie worsteling om sin aan 'n nuwe werklikheid te gee. Die verhaal leer ons dat ons heil nie in ideologiese mag lê nie, maar in die liefde wat soos 'n mosterdsaadjie groei. Christelike geloof vra nie 'n geestelike ontvlugting nie, maar deernis vir mense in liggaamlike ellende. Dit is "liggaamlike godsdiens" wat ons bevry uit ons kluisterbestaan. Die verhaal gee aan ons 'n boodskap van hoop... 'n droom vir die toekoms - 'n nuwe vorentoe.

In die poësie word emosie vasgelê wat die leser as sy eie kan erken. Poësie help ons ook om ons bestaan in die wêreld te interpreteer. Ons wêreld is 'n werklikheid van geweld.

*Oral op hierdie veelsinnige aarde,
flikker die handskrifte van geweld:*⁶²

Daarom bid die digter:

*Vrywaar my
van opstand wat soos 'n papawer oopbars,
voorbodes en struikrowers,
kindergesiggies onder bom en snelvuur;⁶³*

In die musiek word die diepste gevoelens en ervaringe van mense bewaar. Daarom kan dit vir die prediker 'n ryk skat van die menslikheid en belewenisse van die hoorder wees. Die manier waarop menslike relasies - veral die man-vrou relasie, met al sy spanninge en ambivalensies, met sy frisheid en passionele krag, met die ingewikkelde weefsels van die eros, in Wolfgang Amadeus Mozart se *Figaro* en *Don Giovanni* gestalte kry, is nog nooit weer geëwenaar nie. In *Così fan Tutte* kan 'n mens van sinisme praat. En tog nie, want uiteindelik voer egte humor en mildheid die botoon⁶⁴.

Daar bestaan 'n bepaalde verhouding tussen die geloofsgemeenskap se tradisie en die interpretasie van die Bybel. In die verhouding moet die reformatoriese klem dat die Bybel ook die norm van die Christelike tradisie en die preek is, onverswak gehandhaaf word. Die reformasie is gebore uit die Woord en wou niks anders wees nie, as kerk van God onder die Woord⁶⁵. Al kom die preek daarom ook uit die Bybel moet die finale preekteks weer en weer aan die Bybel getoets word. Voordat die homiletiese sirkel nie voltrek is nie, is die preek nog nie gereed om gepreek te word nie. Die rede vir die proses is dat die preek nie teen die bedoeling van die Bybel mag ingaan nie.

6 'N SLOTPASSIE

Dit is 'n wonder dat dogmatiek en homiletiek dansmaats kan word en nog 'n groter wonder dat hulle dit kan bly. Aan professor Johan Heyns opregte dank en waardering vir wat hy gedoen het om die dogmatiek dansvaardig te maak. Hy het dit met grasia en in diens van die koninkryk van God gedoen. Hierdeur is God vereer en hierin kan die mens sy geluk vind. Dit was 'n voorreg en vreugde om so 'n uitnemende leermeester en kollega te kon hê.

NOTAS:

- 1 G Heitink, *Om raad verlegen, doch niet radeloos... Ervaringen van aporie bij de beoefening van de praktische teologie*, Kampen 1988, 21.
- 2 K Barth, *Die Kirchliche Dogmatik* IV/3. Zweite Hälfte, Zurich 1959, 1010; W Gräb, *Predigt als Mitteilung des Glaubens. Studien zu einer prinzipiellen Homiletik in praktischer Absicht*, Gütersloh 1988, 50-114; J Henkys, "Ansätze des Predigtverständnisses", in: K-H Bieritz (red), *Handbuch der Predigt*, Berlin 1990, 36.

- 3 K Barth, *Das Wort Gottes und die Theologie. Gesammelte Vorträge*, München 1925, 158.
- 4 K Barth, *Homiletik. Wesen und Vorbereitung der Predigt*, Zürich 1966, 34.
- 5 H Luther, Stufenmodell der Predigtvorbereitung, *Theologia Practica* 18 3/4 (1982), 60.
- 6 Luther, *a w*, 1982, 60.
- 7 H Luther, *Frech achtet die Liebe das Kleine. Biblische Texte in Szene setzen. Spätmoderne Predigten*, Stuttgart 1991, 8.
- 8 Luther, *a w*, 1982, 60.
- 9 Luther, *a w*, 1991, 11.
- 10 Luther, *a w*, 1991, 11.
- 11 Luther, *a w*, 1982, 60.
- 12 Luther, *a w*, 1982, 60.
- 13 G Otto, *Predigt als Rede*, Stuttgart 1976, 88.
- 14 Luther, *a w*, 1982, 62; Luther, *a w*, 1991, 12.
- 15 J A Heyns, *Brug tussen God en mens*, Pretoria 1973, 167.
- 16 H Luther, "Predigt als Handlung. Überlegungen zur Pragmatik des Predigens, *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 39 (1983), 243; K-L Daiber, *Predigt als religiöse Rede. Homiletische Überlegungen im Anschluss an eine empirische Untersuchung. Predigt und Hören* 3, München 1991, 28.
- 17 H Luther, "Predigt als inzenierten Text. Überlegungen zur Kunst der Predigt", *Practica Theologia* 18 3/4 (1983), 94-95.
- 18 Vergelyk K-P Hertzsch, Predigtlehre: Erwartungen und Möglichkeiten, in : K-H Bieritz (red), *Handbuch der Predigt*, Berlin 1990, 19-20.
- 19 Luther, *a w*, 1983, 223.
- 20 Daiber, *a w*, 1991, 207.
- 21 Daiber, *a w*, 1991, 207.
- 22 H-W Heidland, *Das Ende der Predigt?* Göttingen 1992, 35-36.
- 23 R Zeffass, *Grundkurs Predigt 1. Spruchpredigt*. Düsseldorf ²1989, 14.
- 24 W Nielsen, *Bekentnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche*. Zürich ³1964, 223.

- 25 W G Jeanrond, *Theological hermeneutics: Development and significance*, New York 1991; A C Thiselton, *New horizons in hermeneutics*, Grand Rapids, Michigan 1992.
- 26 Barth, *a w*, 1959, 970; J Firet, *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen ⁶1988, 61; H W Dannowski, *Kompendium der Predigtlehre*, Gütersloh 1985, 12 ev; Daiber, *a w*, 1991, 241-244.
- 27 Luther, *a w*, 1991, 11.
- 28 Heyns, *a w*, 1973, 177.
- 29 E van Heerden, *Amulet teen die vuur*, Kaapstad 1987, 10.
- 30 T T Cloete, *Idiolek*, Kaapstad 1986, 28.
- 31 J A van der Ven, *Entwurf einer empirischen Theologie*, Kampen 1990, 48.
- 32 Van der Ven, *a w*, 1990, 48.
- 33 Barth, *a w*, 1966, 30.
- 34 Daiber, *a w*, 1991, 37-41.
- 35 Firet, *a w*, ⁶1988, 63, 68.
- 36 G D J Dingemans, *Als een hoorder onder de hoorders... Een hermeneutische homiletiek*, Kampen 1990, 16.
- 37 N P van Wyk Louw, *Nuwe verse*, Kaapstad ³1963, 77.
- 38 J Heyns, "Die skrywer en die kerk", in: C Malan & B Smit (reds), *Skrywer en gemeenskap*, Pretoria 1985, 106-116.
- 39 J Heyns, *Teologiese etiek*. Deel 2/1, Pretoria 1986, 351-372.
- 40 Heyns, *a w*, 1986, 351.
- 41 Heyns, *a w*, 1986, 351,357.
- 42 Heyns, *a w*, 1985, 106; Heyns, *a w*, 1986, 352.
- 43 Heyns, *a w*, 1985, 109; Heyns, *a w*, 1986, 354-355.
- 44 Heyns, *a w*, 1986, 356.
- 45 D J Opperman, *Vergelegen*, Kaapstad 1956, 104.
- 46 B Breytenbach. *Boek (deel een). Dryfpunt*. Emmarentia 1987, 137.
- 47 Breytenbach, *a w*, 1987, 137.
- 48 Breytenbach, *a w*, 1987, 126.

- 49 Breytenbach, *a w*, 1987, 126.
- 50 Heyns, *a w*, 1986, 352.
- 51 Heyns, *a w*, 1986, 352.
- 52 Breytenbach, *a w*, 1987, 31.
- 53 E van Heerden, *Die swart skip*, Kaapstad 1985, 74.
- 54 Heyns, *a w*, 1985, 110.
- 55 Heyns, *a w*, 1986, 360.
- 56 Heyns, *a w*, 1986, 359.
- 57 B Breytenbach, 'n Beeld is 'n lading plofstof, *karring*, (1990), 16.
- 58 Breytenbach, *a w*, 1990, 17.
- 59 Heyns, *a w*, 1985, 106.
- 60 N P van Wyk Louw, *Raka*, Kaapstad 1986, 16.
- 61 Heyns, *a w*, 1985, 108.
- 62 Van Heerden, *a w*, 1987, 69.
- 63 E van Heerden, *Najaarswys*, Kaapstad 1993, 68.
- 64 P Schmidt, Uit verwondering om een wonder, *Collationes*, 21(1991), 11.
- 65 W D Jonker, *Bevrydende Waarheid. Oor die karakter van die gereformeerde belydenis*, Pretoria 1993, 5.